# PhD Gemeenskapsgesondheid (10260401)

| | |
|---|---|
| **Duur van studie** | 2 jaar |

## Programinligting

Die PhD-graad word toegeken op grond van 'n proefskrif en, indien die Dekaan dit nodig ag, 'n eksamen wat handel oor die vakgebied van die proefskrif.

Die maksimum tydperk vir die voltooiing van 'n doktorsgraad is vyf jaar. In buitengewone omstandighede kan 'n student skriftelik by die departementshoof aansoek doen om 'n beperkte, vasgestelde verlenging van die tydperk.

## Toelatingsvereistes

Behoudens die bepalings van die Algemene Regulasies word geen student tot die studie vir die doktorsgraad toegelaat nie tensy hy of sy in besit is van ’n MBChB- of ’n magistergraad of tot die status daarvan toegelaat is.

## Addisionele vereistes

Sien ook Algemene Regulasies.

Let wel: Alle PhD-studente moet vir (TNM 800) Toegepaste navorsings-metodologie 800 registreer en dit bevredigend bywoon. (Vrystelling word verleen indien die module reeds vir die magistergraad geslaag is.)

'n Student vir die PhD-graad moet

i. onder toesig van 'n promotor aan die Universiteit of ’n ander instansie deur die Senaat goedgekeur, oorspronklike navorsing tot die bevrediging van die eksaminatore verrig; en
ii. 'n proefskrif voorlê wat na die oordeel van die eksaminatore bevredigend toon dat hy of sy met onafhanklike kritiese oordeelsvermoë 'n bepaalde bydrae tot die verryking van kennis in die gekose vak gelewer het.

'n Student moet vir die toekenning van die PhD-graad vir ten minste een akademiese jaar vir die doktorsgraad aan die Universiteit geregistreer wees, alvorens die graad toegeken word.

Die volgende addisionele vereiste word gestel vir die PhD-graad wat in die Skool vir Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid voltooi word:

Alle PhD-studente in die Skool vir Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid is veplig om 'n suksesvolle mondelinge verdediging van hul navorsingsprotokol voor die einde van hul eerste akademiese jaar af te lê. Studente wat nie aan hierdie vereiste voldoen nie sal beskou word dat hulle nie voldoende vordering maak nie en sal nie toegelaat word tot die tweede studiejaar nie.

## Eksamens en slaagvereistes

Die doktorale eksamen word mondeling en/of skriftelik afgeneem en handel oor die inhoud van die proefskrif sowel as daardie onderdele van die vakgebied waarop die proefskrif gebaseer is, indien versoek.

## Navorsing

'n Volledige navorsingsprotokol ten opsigte van die beoogde proefskrif asook die volledige curriculum vitae van die student, moet aan die Akademiese Advieskomitee van die betrokke Skool en indien nodig ook aan die Etiekkomitee vir goedkeuring voorgelê word. Die proefskrif moet handel oor 'n probleem uit een of ander gebied van Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid en moet die promotor en eksaminatore tevrede stel dat dit gevorderde oorspronklike navorsing en/of skeppende werk op die gebied van Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid is. Dit moet 'n oorsig bevat van literatuur wat oor die onderwerp gebruik is, ’n beskrywing van die waarnemings en proefnemings wat deur die student gedoen is, en ook 'n bespreking van die gevolgtrekkings waartoe geraak is.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.